

## HOOFSTUK 1: WOORDBEPALINGS

### 1. BELEIDSDOKUMENTE

- 1.1 Die kongres keur die *Grondwet* goed en dit is van toepassing op alle lede.
- 1.2 Onderhewig aan bepalings van Grondwet, keur die hoofbestuur die *Reglemente* goed en dit is van toepassing op alle lede.
- 1.3 Onderhewig aan bepalings van grondwet en reglemente, keur die hoofdagbestuur *Nasionale prosedures* goed en dit is van toepassing op alle lede.
- 1.4 Onderhewig aan bepalings van bogenoemde beleidsdokumente, keur 'n Gebiedsdagbestuur *Gebiedsprosedures* goed en dit is net van toepassing op lede binne die betrokke gebied.
- 1.5 Onderhewig aan bepalings van al bogenoemde beleidsdokumente, keur 'n Oorddagbestuur *Oordprosedures* goed en dit is net van toepassing op lede binne die betrokke oord.
- 1.6 Onderhewig aan bepalings van al bogenoemde beleidsdokumente, keur 'n Kommandodagbestuur of Veldkornetskapsdagbestuur of Staatmakergroepdagbestuur *Kommandoprocedures* of *Veldkornetskapsprocedures* of *Staatmakergroepprocedures* goed en dit is net van toepassing op lede van die betrokke Voortrekkerkommando of los Veldkornetskap of Staatmakergroep.
- 1.7 Onderhewig aan bepalings van bogenoemde toepaslike beleidsdokumente, kan daar bepaalde prosedures (reëls) opgestel word vir spesifieke aktiwiteite wat plaasvind onder beskerming van een van die bestuursliggame hierbo genoem. Die betrokke bestuursliggaam moet die prosedures (reëls) goedkeur en dit is net van toepassing vir lede wat aan die betrokke aktiwiteit deelneem. Byvoorbeeld *gebiedskampe*, *staptoere*, *kommandokampe* en *spanaktiwiteite*.

### 2. OMSKRYWINGS

- Tensy dit uit die samehang anders blyk:
- 2.1 Sluit alle woorde en uitdrukkings wat die manlike geslag aandui ook die vroulike geslag in en omgekeerd.
  - 2.2 Sluit alle woorde en uitdrukkings wat die enkelvoud aandui ook die meervoud in en omgekeerd.
  - 2.3 Sluit die verwysing na 'n Kommandobestuur en Kommandodagbestuur ook 'n Veldkornetskapsbestuur en Veldkornetskapsdagbestuur van 'n los Veldkornetskap asook 'n Staatmakergroepsbestuur en Staatmakergroepdagbestuur van 'n Staatmakergroep in.

### 3. BESTUURSLIGGAME

Die bestuursliggame van Die Voortrekkers is:

#### 3.1 Op die eerste bestuursvlak:

- 3.1.1 Die Kongres
- 3.1.2 Die Hoofbestuur
- 3.1.3 Die Hoofdagbestuur

#### 3.2 Op die tweede bestuursvlak:

- 3.2.1 'n Gebiedsraad
- 3.2.2 'n Gebiedsbestuur
- 3.2.3 'n Gebiedsdagbestuur

#### 3.3 Op die derde bestuursvlak:

- 3.3.1 'n Oordbestuur
- 3.3.2 'n Oorddagbestuur

#### 3.4 Op die vierde bestuursvlak:

- 3.4.1 'n Jaarvergadering van 'n Voortrekkerkommando of los Veldkornetskap.
- 3.4.2 'n Kommandobestuur (Veldkornetskapsbestuur) (Staatmaker jaarvergadering)
- 3.4.3 'n Kommandodagbestuur (Veldkornetskapsdagbestuur) (Staatmakergroepsdagbestuur).

#### 4. INTERPRETASIE VAN BEGRIPPE

- 4.1 **Formele geleentheid** is optredes waar die gees van die geleentheid dit volgens die oordeel van die bevelvoerende offisier nodig maak en moet hy met die oproep na die byeenkoms dit as 'n formele geleentheid bepaal.
- 4.2 Diens op nasionale vlak of gebiedsvlak word nie beperk tot diens op die hoofbestuur of 'n gebiedsbestuur nie.
- 4.3 'n **Samewerkingsvennoot** is 'n organisasie met wie *Die Voortrekkers* onder die volgende voorwaardes saamwerk:
- 4.3.1 Dat die samewerking oor 'n verdienstelike saak gaan;
- 4.3.2 Dat die wyse waarop dié organisasie optree vir *Die Voortrekkers* aanvaarbaar is;
- 4.3.3 Dat die outonomieit van *Die Voortrekkers* erken word.
- 4.4 'n **Waarnemer** by 'n vergadering van 'n bestuursliggaam is 'n persoon wat nie formeel lid is van daardie bestuursliggaam nie, maar wat 'n vergadering daarvan met goedkeuring van die vergadering bywoon. So 'n waarnemer het spreekreg op die vergadering, maar mag nie 'n voorstel indien nie en het ook nie stemreg nie.
- 4.5 'n **Sekundus** by 'n vergadering is 'n persoon wat deur die betrokke bestuursliggaam afgevaardig word om namens die normale afgevaardigde 'n vergadering by te woon. Die persoon het spreek- en stemreg.
- 4.6 **Verantwoordelikheid:** Dit is wanneer 'n besondere funksie en/of die uitvoering van 'n taak deel is van die persoon of 'n regspersoon se opgelegde plig.
- 4.7 **Aanspreeklikheid:** Dit is wanneer 'n persoon of 'n regspersoon finaal vir die uitvoering van 'n taak of funksie moet instaan ongeag watter metodes aangewend word vir die uitvoering daarvan.
- 4.8 **Delegeer:** Dit is die proses waar 'n persoon en/of 'n regspersoon wat aanspreeklik is vir 'n funksie of die uitvoering van 'n taak dit aan 'n ander persoon en/of 'n regspersoon opdra met bepaalde riglyne ten opsigte van die kwaliteit van die verwagte resultate wat teen gestelde datums (mylpale) bereik moet word. Aanspreeklikheid hier impliseer monitering as 'n kontroleproses.
- 4.9 **Bemagtig:** Dit is die proses om 'n persoon en/of 'n regspersoon aan wie die uitvoering van 'n taak gedelegeer is van die nodige middele, insluitende die hulpbronne, of magtiging om dit te bekom, te voorsien vir afhandeling / voltooiing van die taak en terugrapportering.
- 4.10 **Voortrekkerkode:** Daar word deurgaans in Voortrekkerliteratuur verwys na die Voortrekkerkode wat saamgestel is met die doelstellings van *Die Voortrekkers* as vertrekpunt en dat dit wel bestaan uit tien (10) afsonderlike kodes wat in geheel die Voortrekkerkode vorm. Daar kan verwys word na die eerste of derde kode van die Voortrekkerkode.
- 4.11 **Bevelvoerende offisier:** Dit is daardie volwasse lid wat deur enige van die bestuursliggame van *Die Voortrekkers* aangewys en bemagtig word om 'n aktiwiteit te organiseer en daartydens in bevel en beheer van die aktiwiteit staan.